# HOOFSTUK II.

## DIE PLEK VAN DIE AMPSGEDAGTE IN DIE PRESBITERIALE KERKREGERINGSTELSEL.

(1) AMP:

Die woord amp bring die gedagte van diens op die voorgrond. Dit het tewens dieselfde betekenis as die woord diens of bediening „en stelt voor de werkzaamheid van iemand, die dienst doet in gehoorzaamheid aan de boven hem gestelde macht."[1)]

Die saak, met die woord aangedui, kom dan ook in sowel die Ou as die Nuwe Testamente voor en staan in verband met die verhouding van die mens tot God. „Wanneer wij samenvatten wat het onderzoek naar het apostolisch ambt ons tot dusver leerde, is het dit, dat wij de schakels van een keten ontwaarden, die de mens verbindt met God. Dat God Zijn Zoon gezonden heeft is de eerste schakel. In wezen is het ook de enige."[2)] Geskape tot diens van God vind die mens sy skeppingsdoel daarin dat hy dienaar, ampsdraer, van God is. Deur die sonde val hy egter uit hierdie roeping en is die herskeppingsdoel in Christus om die mens weer as ampsdraer te herstel.[3)] Daarom is die ampsbegrip alleen te bepaal in die lig van Jesus Christus as dié Ampsdraer. Hy maak alle dinge nuut en daarom loop alle lyne van die Ou

---

1). H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht I. p.328.

2). J.M. Gerritsen: Het Apostolisch Ambt. Amsterdam. 1953. p.28.

3). Vgl. Dr. K. Sietsma: De Ambtsgedagte. Amsterdam. s.j. p.p. 20 e.v.; Dr. P.J. Roscam Abbing: Diakonia. S. Gravenhage 1950. p.p. 240-242.

Testament op Hom uit en gaan alle lyne van die Nuwe Testament van Hom uit. „Hy staat in het middelpunt van de geheele Heilige Schrift."[4)]

In die Ou Testament word die wesenlike van die amp saamgevat onder die begrip Leitourgiá in die LXX. Die oorspronklike betekenis van Leitourgiá is: 'n diensprestasie van enige aard, soos dié van die slaaf teenoor die heer; van die arbeider teenoor die werkgewer. Op kultiese gebied het Leitourgiá egter 'n spesiale betekenis gekry, afgelei van die algemene begrip van diens. In die Ou Testament dui die woord op die kultiese diens; diens van die HERE, en meer bepaald op die priesterlike diens.[5)] Die priester is die liturg wat die offer aan die HERE bring. Hierdie priesterlike diens is 'n heenwysing na die middelaarswerk van Jesus Christus. Hy is die Vervuller van die waarheid, afgebeeld in die Ou Testamentiese offerdiens, dat die mens alleen weer dienaar van God kan wees deur die offer tot versoening van al sy sonde. Christus is tegelyk die Hoëpriester wat die offer bring en die Offer self.[6)]

Jesus se diens was Leitourgia; om sy lewe te gee tot 'n losprys van baie. In die sin is Hy die enigste Ampsdraer: die Offeraar sowel as die geofferde. In Hom eindig die Ou Testamentiese Leitourgia.[7)]

---

4). A.J. Bronkhorst: Schrift en Kerkorde: p.46. Vgl. ook A.A. van Ruler: Bijzonder en Algemeen Ambt. Nijkerk. 1952. p.70.

5). Vgl. Kittel: Theol Wörterbuch. II. p.81 en IV. p.227; A.D.R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis IV. p.48. A.J. Bronkhorst: a.w. p.47 e.v.; Wilhelm Brandt: Dienst und Dienen im Neuen Testament Gütersloh. 1932; p.88.

6). Vgl. Hebreërs 5.

7). Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.53; A.D.R. Polman: a.w. IV. p.48.e.v.

Tegelyk word egter in Hom die begin van die Nieu Testamentiese Diakonia gevind. Hy het gekom om te dien;[8] om die wil te doen van die Vader wat Hom gestuur het „dat al wat Hy aan My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag...... en Ek sal hom opwek in die laaste dag."[9]

Om te kon dien, het Hy as waaragtige en regverdige mens geen versoening nodig gehad nie. Daarom, as Hy dié wat die Vader aan Hom gegee het, opwek in 'n nuwe lewe, versoen met God, is sy Diakonia tegelyk Leitourgiá. Maar dan beteken dit ook dat as gevolg van die volbrenging van sy enige offer aan die kruis, die Ou Testamentiese begrip Leitourgia nie kan oorgebring word op die Nieu Testamentiese begrip Diakonia nie. Leitourgia sluit die gedagte in dat die diens bestaan in die bring van 'n offer om die verhouding tussen God en die mens te herstel. Waar Christus egter die offer gebring het en daardeur dié wat aan Hom behoort met God versoen het, hoef die versoende mens nie weer dieselfde offer te bring nie. Die vernieude mens in Christus hoef nie weer 'n offer te bring om hom vir God as dienaar aanvaarbaar te maak nie. Die Diakonia van Christus sluit nog die begrip Leitourgia in. Daarom vind elkeen wat in Hom glo weer die lewensdoel in die diens (diakonia) van God, en is die begrip Leitourgia uitgesluit uit die diakonia van die gelowiges.

---

8). Vgl. o.a.: Markus 10:45.

9). Johannes 6:39 en 40(b).

Christus se amp is dus gerig op God en die mense. Op God: sy diens laat die Koninkryk van God kom. Op die mense: Sy diens laat hulle deel kry aan die Koninkryk van God. Sy diens aan God is ten behoewe van die mense; van dié wat die Vader aan Hom gegee het.[10]

Daarom is die vrug van Sy diens aan God die koms van die Koninkryk van God; maar tegelyk ook die vergadering van die burgers van die Koninkryk, saamverbonde as een liggaam onder Hom as Hoof. Hy regeer hulle, is hulle enigste Koning. Hulle is aan Hom en mekaar deur die geloof verbind en aan Sy Woord onderworpe. Tegelykertyd dra Hy aan hulle op om aan sy diakonia, wat die enigste Leitourgia is, in die wêreld duidelik te laat word.[11] Hulle moet van Hom getuig as die Gekruisigde. Die kerk is dus nie net die vergadering van die gelowiges waarin Christus en al sy weldade geniet word en onder sy heerskappy geleef word nie, nie alleen vrug van Christus se diens nie, maar ook middel waardeur Hy sy diens voortsit en voltooi. Dit is produk en produsent tegelyk; Hy gebruik sy kerk om sy kerk te vergader.[12] Die kerk is dus nie net openbaring van die Koninkryk van God nie, maar ook instrument waardeur die Koninkryk kom. Soos die Vader Hom gestuur het, stuur Hy ook sy dissipels.[13] In hierdie sending om van Hom te getuig tot

---

10). Vgl. o.a.: Johannes 5:30: 6:39, 40; Lukas 4:18-21; Markus 1:14 en 15; Johannes 13:16 in die lig van Joh. 3:3; Matt. 5:13-16.

11). Vgl. o.a. Handelinge 1:8 met 1 Kor. 1:17 en 18.

12). Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek. IV. (1911) p.p. 355 en 358; Calvyn: Institusie III. IV. 1.4. p.10.

13). Vgl. o.a. Johannes 17:18; 20:21; Handelinge 1:6-8.

49/........

opbouing van die kerk, lê die grondslag van die Nieu Testamentiese ampsopvatting.[14] Die amp is diakonia; 'n diens deur Christus opgedra.

Wie gestuur word, die gesant of ampsdraer, moet alleen uitvoer wat Christus aan hom opgedra het. Hy is die instrument waardeur Christus sy werk doen. In die amp kan nooit selfstandig of **in eie** gesag gehandel word nie. Die ampsdraer moet in al sy handelinge altyd vra na sy opdrag en sy gesag strek net so ver as wat hy sy opdrag uitvoer. Hy verteenwoordig die Christus, maar vervang Hom nie. Christus neem as't ware van die ampsdraer besit om deur hom as orgaan te werk.[15]

Die onderskeiding van die tweërlei doel wat tot openbaring kom in Christus se werk in die vergadering van die kerk, moet skerp in die oog gehou word by die verdere ontwikkeling van die ampsgedagte. Anders lei dit tot verwarrende begrippe oor 'n algemene en besondere amp. Dan word die kerklike amp bloot as 'n verbesondering van die algemene priesterskap van die gelowiges gesien; die besondere amp word dan gesien as 'n verlengskuk van die algemene.[16] „Dit ambt (nl. aller geloovigen) staat in de Kerk zelfs bovenaan; het bijzondere ambt van ouderling of diaken is een uitvloeisel, een orgaan van dit algemene ambt, dat iedere kerk in haar geheel in een

---

14). Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 57 e.v.

15). Vgl. H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht I. p.329; J.M. Gerritson: a.w. p.81; A.A. van Ruler: a.w. p.66.

16). A.A. van Ruler sny in sy reeds aangehaalde werk die probleme in die verband aan en toon hoedat lig in verwarring geraak kan word.

50/.......

stad of dorp draagt."[17] Hierdie verwarring word alleen voorkom as in gedagte gehou word dat Christus sy kerk regeer met die oog op die bestaan van die kerk self én met die oog op die uitbreiding van die Koninkryk van God deur die kerk.

Eerstens skryf Hy voor hoedat die lede hulle in die kerk, as vergadering van gelowiges, moet gedra om kerk te bly en tweedens hoe hulle hul moet gedra om hulle taak tot uitbreiding van die Koninkryk van God te volbring.

Die regering van Christus het so ten grondslag die onderhouding en bewaring van sy kerk in hierdie wêreld.[18] Hy voed en sterk die geloof deur die gelowiges gedurig in gemeenskap met Hom te hou. En deur die onderhouding van die geloof bewaar Hy hulle teen die aanvalle van Satan, wat daarop uit is om hulle van Hom los te skeur. Reeds gedurende sy omwandeling op aarde onderhou en bewaar Hy sy kerk deur sy selfgetuienis dat Hy die Christus van God is, tot reiniging van die sonde en die opstanding in 'n nuwe lewe. As tekens en seëls voeg Hy die sakramente, doop en Nagmaal, by die Woord.[19] So skryf Hy die gebruik van Woord en sakramente voor as voorwaarde vir die volharding van die geloof in en gemeenskap met Hom. En die volharding in die gemeenskap met Hom hou ook die volharding in die gemeenskap met mekaar in soos Hy dit voorgeskryf het.

---

17). P. van Dijk: Kerkelijke Tucht als Remedie. Amsterdam. S.J.P. Bakker. s.j. p.25. Vgl. ook „Citaat uit een brief" ter illustrasie by Ds. L. Oranje Czn: Het gezag in de Kerk van Christus. 's-Gravenhage. 1944. p.8.

18). Vgl. Heidelbergse Kategismus. Sondag XXI.

19). Vgl. N.G.B. art. XXXIII.

Eers dan, as die kerk self onderworpe is aan Sy Woord en dit bewaar in belydenis en wandel, is dit besig om Christus se Leitourgia in die wêreld duidelik te laat word. Dan vervul die kerk reeds sy Diakonia daarin dat dit deur die volharding in die leer en die lewe na Christus se gebooie, 'n lig is wat in die duisternis skyn.

Christus is egter nie meer sigbaar, en in eie persoon op aarde om die regering van sy kerk waar te neem nie. Hy sonder besondere persone uit die vergadering van die gelowiges af, deur wie Hy sy Woord laat bedien en so regeer Hy sy kerk. Hy werk in die amp voort in sy kerk.

Howel dié amp ook Diakonia is, is dit te onderskei, maar nie te skei van die Diakonia wat die roeping van elke gelowige as burger van die Koninkryk van God is nie. Die amp in die kerk het die voortsetting van Christus se werk in die kerk self op die oog. Dit is 'n besondere instelling van Christus vir sy kerk.[20] Die amp kom uit Christus op. Daarom is die ampsdraers tegelyk dienaars van God in Christus en dienaars ten behoewe van die kerk.[21] En die maatstaf, waaraan alles wat die ampsdraers doen in die regering van sy kerk gemeet word, is die Woord van God waarin Christus sy wil bekend stel.[22]

---

20). Vgl. o.a. Ef. 4:11, v.v.; 1 Kor. 3:9 v.v.; 1 Kor. 12:28.

21). Vgl. A.D.R. Polman: a.w. IV. p.53; A.A. van Ruler: a.w. p.66; H. Bouwman: a.w. I. p.329; W. Heyns: Het Ouderlingschap. Grand Rapids, s.j. p.31.

22). Vgl. o.a. Gal. 1:8; II Petrus 1:19-2:1-3; Titus 1:7-9.

Die ampsdraers is dus nie verteenwoordigers van die kerk in die sin dat hulle deur die lede aangestel is en opdragte van hulle ontvang nie. In die regering handel die ampsdraers nie namens die lede en voer nie hulle wil uit nie. Die ampsdraers verteenwoordig Christus in die vergadering van die geloowiges[23)] en kry hulle aanstelling, opdrag en gesag direk van Hom. Hulle is die kerk ten dienste tot onderhouding, bewaring en roepingsvervulling; die organe waardeur Christus sy gesag uitoefen in die kerk. „De kerk schept deze ambtelijke organen niet, maar ontvangt ze, gelijk ook het lichaam het oor niet maakt, maar door God met oog en oor verzierd en verrijkt werd."[24)]

Die amp is in Christus, die Koning van die kerk, gewortel en gegee ter wille van die kerk, tot die opbou daarvan.[25)]

So is die Diakonia, vervat in die kerklike amp, die vernaamste senuwee waardeur die gelowiges in een liggaam, onder die een Hoof Christus, saamverbind is.[26)] Deur die amp volbring Hy sy regering van die kerk. In die regering van die kerk tree die ampsdraers in die naam van Christus, met sy Woord en in sy krag op

---

23). Vgl. Calvyn: Institusie: IV. III. 1 p.54; A.D.R. Polman: a.w. IV. p.p. 11 e.v.

24). Dr. A. Kuyper: Tractaat van de Reformatie der Kerken. p.53; Vgl. ook H. Schokking: De Leertucht in de Gereformeerden Kerken van Nederland. Amsterdam 1902; p.p. 8 en 18; H. Steen De Kerk. Kok Kampen. 1936. p.157; Th.L. Haitjema: Nederlands Hervormd Kerkrecht. Nijkerk 1951. p.149.

25). Vgl. Matt. 16:18.

26). Vgl. Calvyn: Institusie IV. III. 2, 3 p.p. 56/7.

„zodat zij impliceert, dat de Heer Zelf het doet."[27]

(2) Die ampsbegrip nader ontwikkel in die lig van die Apostoliese amp.

Die Nieu Testamentiese amp as die Diakonia waardeur die Leitourgia van Christus aan die lig gebring word, word in volle rykdom belig deur die instelling van die apostelamp deur Jesus self.

Na die uiterlike lyk dit of Jesus ook maar 'n rabbi is na die gewoonte van die tyd; 'n leermeester omring deur dissipels of leerlinge. Daarom noem die volk Hom ook Rabbi of Meester. Kenmerk van die verhouding tussen die rabbi en sy leerlinge was dat dit gerus het op die groot eerbied wat die leerling vir die kennis van sy meester gehad het. Dit was nie in die eerste plek 'n persoonlike verhouding nie, maar wel 'n saaklike. Die leerling kies die meester uit ter wille van sy kennis. Die doel van die verhouding was dat die leerling in die glorie van die meester kan deel en self later rabbi kan wees. Die leerling kan selfs bo die meester uitstyg in die oorlewering en uitbou van sy kennis. Die leermeester vorm met sy leerlinge 'n skool, waarin op sy gedagtes, ook na sy dood, voortgebou word, deur selfstandige optrede van die leerlinge in diskussie en denke.[28]

Die verhouding tussen Jesus en sy dissipels is egter heel anders. Die leerlinge kies Hom nie, maar

---

27). A.A. van Ruler: a.w. p.29.

28). Vgl. Kittel: a.w. IV. p.p. 417 e.v. veral p.p. 425 e.v.; A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 53/4.

Hy hulle; hulle is deur die Vader aan Hom gegee en word deur Hom geroep.[29)]

Die begrip roeping omvat in die Heilige Skrif die verhouding tussen God en mens. „Waar van roeping sprake is, is altijd sprake van twee: van wie roept en van wie geroepen worden, van gebod en gehoorzaamheid."[30)] En waar in die Skrif van roeping sprake is, is dit altyd God of Christus wat roep.[31)] 'n Lewendige persoonlike betrekking word tussen God en die mens in Christus Jesus daargestel, dié tussen Soewerein en onderdaan. God lê geheel en onvoorwaardelik beslag op die geroepene.

In die roeping gaan dit in die eerste plek om die gemeenskap met God deur Jesus Christus en daarom primêr om die geloof in Christus. Christus roep tot geloof in Hom; aan die geroepene word die eis gestel om Hom as die Christus van God aan te neem. As Hy roep: Volg My, hou dit tegelyk in dat Hy gevolg moet word omdat Hy die Christus, die Seun van die lewende God is.[32)] En as Hy só gevolg word, is dit nie die keuse van vlees en bloed nie, maar wel 'n keuse op grond van 'n openbaring van die Vader wat in die hemele is; of anders gesê: omdat die Vader die geroepene getrek het om na Jesus te kom.[33)] En die Vader trek deur die Heilige Gees.[34)]

---

29). Vgl. o.a. Matt. 4:19-21; Markus 1:16-20; Johannes 6:70.

30). W.J. Aalders: Roeping en Beroep bij Calvijn. Amsterdam. 1943. p.4.

31). Vgl. Kittel: a.w. III. p.489.

32). Vgl. Matt. 16:16.

33). Vgl. Johannes 6:44.

34). Vgl. Johannes 3:3. v.v.

Met die roeping gaan dus gepaard 'n inwendige, verborge werking van die Heilige Gees, wat die vermoë tot geloof en bekering skenk en ook die vermoë tot daad laat oorgaan.[35] „Die roep van God in Christus is niet alleen bevelend en dwingend; hij is ook schenkend en scheppend."[36] In die oorsprong is die roeping so eensydig-goddelik, rustende alleen in God se welbehae, maar in die uitwerking is dit tweesydig, goddelik en menslik, „maar zoo dat de volstrekte leiding bij God blijft berusten."[37] In die roeping sluit die heilige moet van God se kant die heilige wil van mense-kant, soos gewerk deur die Heilige Gees, in.

In dié sin is die dissipels van Jesus geroepenes. Hulle is dié wat die Vader aan Hom gegee het, deur Hom geroep en deur die Vader getrek is om Hom in gehoorsaamheid te volg, omdat Hy die Christus is wat „die woorde van die ewige lewe" het.[38] Daar is dus 'n lewende gemeenskap tussen Christus en sy dissipels.[39]

Op hierdie roeping val die nadruk in die eerste plek as die evangelies die roeping van die twaalf verhaal.[40] Maar - daar kom iets by. Tegelykertyd word reeds by hulle aanvanklike roeping melding gemaak van 'n

---

35). Vgl. H. Bavinck: Roeping en Wedergeboorte. Amsterdam. 1903. p.33.

36). W.J. Aalders: a.w. p.13.

37). ibid. p.13.

38). Johannes 6:6 8.

39). Vgl. S.C.W. Duvenage: Die Navolging van Christus. Potchefstroom. 1954. p.p. 51; 65/6.

40). Vgl. Matt. 4:18-22; Markus 1:16-20.

56/.........

besondere taak wat deur hulle vervul moes word; „En Hy sê vir hulle: Kom agter my aan, en ek sal julle vissers van mense maak."[41] Hoewel dit in die roeping hier in die eerste plek gaan om die geloof in Christus, word tog ook in vooruitsig gestel dat hulle roeping te onderskei is van dié van ander dissipels. Hulle word ook geroep tot apostels, sodat Hy hulle kan uitstuur om te preek.[42] Tydens Jesus se omwandelinge was hulle optrede as apostels egter beperk tot sporadiese optrede hier en daar, as't ware tot voorbeeld en voorbereiding vir die latere ontplooiing van die apostelamp ná Pinkster.[43] Hoewel die nadruk in die roeping van die twaalf aanvanklik op die dissipelskap val, maak dit tog reeds 'n verskil in hulle posisie teenoor die ander dissipels tydens die omwandeling van Jesus op aarde. Hulle word uit die groter kring van dissipels afgesonder om by Hom te bly, omdat „het discipelzijn sloot niet voor alle mathētai het apostolaat in."[44]

Die roeping tot die apostelamp veronderstel dus die roeping tot geloof in Christus. Die amp staan nie los van die dissipelskap, met ander woorde van die kerk as vergadering van gelowiges onder die Hoof Christus, nie.[45] Maar tog, hoewel die amp so uit die kerk opkom,

---

41). Matt. 4:19. Vgl. Markus 1:17.

42). Vgl. Markus 3:14; Matt. 10:1-9.

43). Vgl. F.J.A. Hort: The Christian Ecclesia. p.p. 29, 34. e.v.

44). Dr. J.C.A. van Leeuwen: Het Heilige Evangelie naar de Beschrijving van Markus. H. van Bottenburg. 1928, op Markus 1:16-20. p.44; Vgl. Markus 3:13.

45). Vgl. Kittel: a.w. IV. p.454; P.A.E. Sillevis Smitt: a.w. p.47.

57/.......

en nie geskei is van die roeping tot geloof en bekering nie, moet dit wel daarvan onderskei word. Jesus maak hierdie onderskeid in sy optrede tydens sy omwandeling op aarde en laat daarmee uitkom dat met die roeping van die twaalf Hy die amp instel wat besondere eise stel, maar ook besondere bevoegdhede inhou.[46)]

In die evangelie word beskryf hoedat die roeping van die twaalf in die eerste plek 'n eis inhou om die gewone aardse bedryf te laat vaar. „Als Jezus roept houdt alles op."[47)] Hulle word geroep „sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek."[48)] Hierdie roeping wat 'n voortdurende verblyf by Hom vereis, maak hulle oor- en ooggetuies van Christus se diens wat die inhoud van die bediening van die versoening is, wat hulle sou moes volbring. Gedurig word hulle deur Hom onderrig en toegerus. Daarom verhaal die evangeliste telkemale hoedat Jesus die skare of breëre dissipelkring leer, maar die twaalf in die besonder onderrig. En hierdie besondere onderrigting gaan gepaard met die belofte dat die Heilige Gees na hulle gestuur sou word. „Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."[49)] Hierdie belofte moet ook gesien word in die lig van wat Jesus, in sy laaste onderwys aan hulle, sê: „Nog baie dinge het Ek

---

46). Vgl. o.a. Matt. 10:1, 16-20; Johannes 13:20; 21:15-17.

47). F.W. Grosheide: Het Evangelie volgens Matt. 2de Hierziene en vermeerderde druk. Kok Kampen 1954. By 4:21, 22. p.62.

48). Markus 3:14.

49). Johannes: 14:26. Vgl. Handelinge 1:4, 5a,8.

om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei...."[50]

Die roeping sluit so ook die bekwaammaking vir die amp deur die Heilige Gees in. En daarmee is tegelyk 'n nadere verklaring gegee van die bedoeling van Jesus as Hy sê: „Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."[51] Net soos die Vader Hom gestuur en bekwaam gemaak het deur die Heilige Gees, doen Hy ook met hulle.[52] Hulle moet van Hom getuig, sy werk voortsit. Hulle amp rus in syne en net soos Hy sy amp alleen kon vervul omdat die Gees van die Here op Hom was, so sal hulle alleen sy werk deur hulle amp kan voortsit in die krag van die Heilige Gees. Voorwaarde vir die roepingsvervulling in die amp is dat Hy wat roep, ook bekwaam tot die amp.[53]

Die doel met die roeping - wat die belofte van die Heilige Gees inhou - van die twaalf, word verder deur Jesus duidelik gestel, naamlik sodat Hy hulle kan uitstuur om te preek;[54] vandaar dat hulle apostels,

---

50). Johannes 16:12, 13. Vgl. ook volgende verse.

51). Johannes: 20:21; Vgl. ook vers 22; Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. (1911). p.359.

52). Vgl. Lukas 4:18-21.

53). Vgl. Johannes 14:13-17; 1 Tim. 4:14; Matt. 10:7 en 16 i.v.m. verse 19 en 20.

54). Vgl. Markus 3:14; Matt. 10:1, 7 en 8; Lukas 9:1, 2.

dit is gestuurders of sendelinge genoem word. Hulle hoofwerk was om te preek: „Die koninkryk van die hemele het naby gekom;"[55] die bediening van die versoening is aan hulle toevertrou.[56] Hierdie prediking geskied met gesag. Hy gee hulle eerstens mag om dit met wonderdade te beseël en tweedens om hulle vrede op dié te laat kom wat hulle onderwerp aan die prediking;[57] en dié wat die prediking verwerp, kom in die oordeel.[58] Aan hulle word die sleutels van die hemelryk gegee, om die sondes te hou of te vergewe, en wat hulle doen, is asof Hyself dit gedoen het; dit het in die hemel bindingskrag.[59]

Uit die roeping van die apostels is dit dus duidelik dat hulle gevolmagtigde gesante van Christus is, wat van Hom persoonlik die opdrag kry. Hulle moet die werk wat Christus gedoen het, voortsit nadat Hy na die Vader gegaan het.[60] Die evangelies laat die apostels sien as die gesante wat hulle sender verteenwoordig.[61] „De opdracht aan de apostelen herinnert aan Jezus eigen werk..... de apostelen breiden het werk van Jezus in zijn naam uit."[62]

Die kenmerkende van die apostelamp „is het perzoonlijk ontmoet hebben van den opgestanen Heere, Hand.

---

55). Matt. 10:7; Vgl. F.W. Grosheide: a.w. p.159 ter plaatse en v. Leeuwen: a.w. p.67 op Markus 3:13.

56). II Kor. 5:18 en 19.

57). Vgl. Matt. 10:12. v.v.

58). Vgl. Matt. 10:14 en 15.

59). Vgl. Matt. 10:40; Joh. 13:20; Matt. 16:19 en Johannes 20:23.

60). Vgl. Joh. 14:12

61). Vgl. J.M. Gerritsen: a.w. p.21.

62). F.W. Grosheide: a.w. p.157 op Matt. 10:18.

1:21, 22; 1 Cor. 9:1, 15:7-9 en het hebben ontvangen van de opdracht van Hemzelf, Gal. 1:1."[63] En eers na sy kruisdood word die amp geaksentueer, om aktief op die voorgrond te kom ná die uitstorting van die Heilige Gees.[64]

Waar die nadruk by die roeping van die apostels op die uitbreiding van die Koninkryk van God val, word dié amp in 'n universele en eskatologiese lig gestel. Die apostels is die „patriarchen van het nieuwe volk van God, die juist ook by de constituering van dat volk hun belangrijke taak zullen hebben."[65] Die apostels se werk sluit die institueering en regering van die kerk in, maar hulle werk het, net soos dié van Christus, as eerste doel die koms van die Koninkryk van God. Daarom is die apostelamp nie aan die plaaslike kerk gebind nie en het met hulle dood ook nie 'n vakature ontstaan in die sin dat ander apostels in hulle plek benoem moes word nie. Hulle bly in sekere sin hulle amp voortsit. „Het apostolisch Woord is er, Schriftgeworden ook."[66] Die kerk is deur die eeue nog altyd op die fondament van die apostels gebou. Hulle is nog met hulle woord gesaghebbend vir die ganse kerk tot aan die einde van die eeue.[67] En as die Koninkryk in volkomenheid gekom het, sal die apostels op twaalf trone sit.[68]

---

63). Dr. C. Bouma: De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus. H.A. van Bottenburg. 1942. p.64.

64). Vgl. Handelinge 2.

65). J.M. Gerritsen: a.w. p.23.

66). A.A. van Ruler: a.w. p.32.

67). Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV.(1911). p.p.365/6; H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht I.p....

68). Vgl. Matt. 19:28.

Hulle amp het op die oog die vergadering van die ganse volk van God deur die eeue heen.

Die amp van die apostels is kort saamgevat, om die Koninkryk te laat kom en so ook die kerk as openbaring van die Koninkryk van God, wat Christus op Homself as Hoeksteen opgerig het, te bou in sy naam en krag, dit wil sê, deur Sy Gees en Woord. Waar Christus die burgers van die Koninkryk nie aan hulleself oorlaat nie, maar hulle vergader en regeer as burgers van die nuwe ryk, is dit ook sy opdrag aan die apostels om hulle te leer „om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."[69] Hoewel die apostelamp universeel is, het hulle dus tydens hulle leeftyd tog ook 'n opdrag om die kerk te institueer en te regeer op elke plek waar dit tot openbaring kom. Hulle moes in die naam van Christus die gedrag van die kerk as vergadering van die gelowiges voorskryf en toesien dat die reëls of verordeninge, deur hulle neergelê, nageleef word. Hierdie opdrag voer hulle uit deur die bediening van die Woord, die sakramente en die tug.[70]

Die hoofsaak waarom dit gaan by die instelling van die amp vir die kerk, blyk dan te wees die verwerkliking van die regering van die Koning, Jesus Christus in sy kerk. Die ampsdraer, soos duidelik aan die lig kom in die apostelamp, verteenwoordig Hom en leer die kerk alleen om te onderhou wat Hy hulle beveel het. Die Diakonia in die amp opgesluit, is kortliks saamgevat: diens van die Woord; of bediening van die Woord

---

69). Matt. 28:19.

70). Vgl. H. Bouwman: a.w. I. p.72.

van God aan die gelowiges. Deur sy Gees en Woord regeer Christus sy kerk en alles wat die ampsdraers in die gemeente met gesag doen, kom maar net neer op die uitvoering van die wil van Christus, wat vervat is in sy Woord. Die apostels het sy Woord in die Ou Testament gevind, òf van Homself verneem tydens sy omwandeling op aarde, òf as 'n openbaring deur die Heilige Gees ontvang. Hierdie woord is vir sy kerk bewaar as die Heilige Skrif en dit geld ook van die ampsdraers wat na die apostels kom dat hulle Diakonia diens van die Woord is. Hulle bring die Woord en pas dit toe.

Uit die aard van die saak en kragtens die instelling van Christus self, soos blyk uit die roeping, bekwaammaking en uitsending van die apostels, is die amp gebonde aan bepaalde persone.

Teen hierdie ampsgedagte het daar reeds vroeg in die geskiedenis van die kerk beswaar ingekom o.a. deur die Montaniste. Hulle wou die vryheid van die profesie handhaaf. „Nog eenmaal laat de dronken geesdrift en de uitzinnige extase zich gelden."[71] Elke gelowige staan onder die heerskappy van Christus en het niks anders nodig nie. Die Heilige Gees verlig elke gelowige inwendig en daarom is die Heilige Skrif nie die enigste openbaring van die wil van Christus nie. Die profete staan onder die progressiewe instruksies van die Heilige Gees, waardeur die kerk gelei word.[72]

---

71). F.W. Grosheide e.a.: Geschiedenis der Kerk I.p.64. Vgl. August Neander: General History of the Christian Religion and Church: Translated from the German By Joseph Torrey. Volume second. London. 1866. p.p. 207. e.v.

72). Vgl. Neander: a.w. p.211.

Die amp is nie gebonde aan bepaalde persone nie, maar elkeen wat deur die Gees gedryf word, kan die amp uitoefen.[73] Die kerk bestaan uit inwendig-verligte mense wat daardeur selfs die Heilige Skrif nie nodig het nie.

Hoewel Rudolph Sohm nie 'n aanhanger is van hierdie rigting, wat as onderstroming deur die eeue maar altyd in die kerk aanwesig is nie, vertoon sy ampsbeskouing tog sterk trekke van ooreenkoms daarmee. Hy aanvaar wel die Heilige Skrif as die enigste openbaring van die wil van Christus, die Hoof, vir sy kerk. Christus alleen oefen die gesag in die kerk uit deur sy Gees en Woord en as Hy dit nie persoonlik doen nie, kan dit alleen in sy Naam uitgeoefen word.[74] Word hierdie gesag deur die diens van mense uitgeoefen, kan dit alleen geskied deur die verkondiging van die Woord. En die Woord kan alleen verkondig word deur diegene wat die gawe daartoe ontvang. Die verkondiger van die Woord moet deur die Heilige Gees bekwaam wees; hy moet die Charisma hê. Die enigste Charisma waaraan Christus die regering van sy kerk toevertrou het, is die leergawe. „Das Predigtamt ist Regieramt, und nur das Predigtamt."[75]

Die predikamp kom in die kerk alleen na vore deur die gawe wat aan 'n persoon gegee is en wat as sodanig deur die gelowiges erken word. Dit hoef dan ook nie net een persoon te wees wat dié amp in die kerk uitoefen nie. Daar kan meer wees; dit hang net af van

---

73). Vgl. H. Bouwman: a.w. I. p.343.

74). Vgl. R. Sohm: a.w. p.22.

75). ibid. p.485.

hoeveel die gawe ontvang het. Die amp rus ook nie by voortduur op dieselfde persoon of persone nie, maar net so lank as wat die gelowiges sy of hulle gawe erken as gawe van God. Sodra die toestemming van die gelowiges wegval, verval die amp ook. Dan word die persoon of persone as't ware nie meer as spreekhuis van die Gees erken nie.

Die predikamp is prinsipieel opgesluit in die algemene priesterskap van die gelowiges. In beginsel is dit vir elke gelowige dus moontlik om die amp uit te oefen. Maar, sê Sohm, dit skakel alle gelowiges nog nie gelyk nie en maak nie elkeen 'n prediker nie. Die maat van die gawe bepaal die plek wat elke gelowige inneem in die vervulling van sy roeping. Die Charisma moet duidelik blyk en erken word deur die ander gelowiges.

Die aard van die Christusregering deur die amp is dus charismaties. Die ampsdraer het alleen geestelike gesag. Eintlik het hy geen gesag nie, die gesag berus by die Woord wat hy verkondig. Hy gee net die Woord deur en die Woord onderwerp aan Christus. Deur die Woordsverkondiging besit die ampsdraer die sleutelmag en is hy uitdeler van die ewige goedere; Christus met sy genadegawes. „Nur in Christi (Gottes) Namen, und nur an Christi (Gottes) Statt, nicht aber in irgend eines Menschen Namen, und nur mit Christi (Gottes) Gewalt, nich aber mit irgend welcher menschlichen (rechtlichen) Gewalt kann in der Kirche Christi regiert werden."[76] Die gehoorsaamheid is dan ook nie aan die ampsdraer verskuldig nie, maar wel aan die Woord wat hy

---

76). ibid. p.486.

verkondig. Die gesag van die amp is geestelik. Gehoorsaamheid daaraan is nie regsplig nie, maar liefdesplig.

Aan die anderkant berus die gesag nie net by die predikamp nie, maar by „jeder gläubige Christ nach dem Mazse seiner Glauben."[77] Waar Christus die sleutelmag aan Petrus gegee het, is hy die verpersoonliking van elkeen wat soos hy glo. „Die Glaube ist der Felsen, der Glaube hat die Schlüssel, der Glaube hat alle Gewalt in der Kirche Christi."[78] Die belydenis van Petrus is nie bloot dié van 'n besondere persoon nie. Dit is die belydenis van elke gelowige Christen. „Darum ist die Schlüsselgewalt nicht bloss dieser oder jener bestimmten Person, sondern allen Gläubigen Christen gegeben: sie ist allen gläubigen Christen gemeinsam."[79] Hier is dus geen sprake van die roeping van besondere persone tot die amp nie.

Die sleutelmag, verbonde aan die prediking, kan alleen in die vergadering van die gelowiges uitgeoefen word. Want alleen waar God se Woord is, daar is God se volk. Daarom kan die sleutelmag alleen in die sigbare kerk, dit is die vergadering van die gelowiges, uitgeoefen word. Sodra die vergadering uiteen is, is daar ook nie meer 'n sigbare kerk nie, en daarmee geen besondere ampsdraers met gesag nie.

Die gelowiges word in die vergadering geregeer deur die prediking. Of hulle hul daaraan onderwerp,

---

77). ibid. p.489.

78). ibid. p.490/1.

79). ibid. p.491.

is 'n saak van die Gees. Die inhoud van die prediking, die Woord van God moet oorwin. Dit eis vrye erkenning, geloofsgehoorsaamheid. Die onderwerping aan die predikamp geskied dus alleen deur vrye toestemming van die gelowiges.[80)]

Hierdie ampsbeskouing van Sohm is aan die een kant te waardeer daarin dat hy die Diakonia, begrepe in die amp, aanmerk as diens van die Woord. Aan die ander kant wyk sy ampsopvatting weer af van dié wat die Skrif voorhou in die apostelamp. Hy beperk die bediening van die Woord net tot die prediking in die vergadering van die gelowiges.

Dit is wel waar dat Christus sy kerk regeer deur die prediking, maar die diens of bediening van die Woord sluit veel meer in. Die prediking, hoewel baie belangrik, is maar een aspek van die ampswerk. Christus regeer sy kerk alleen deur die Woordbediening, opgedra aan die ampsdraers - in alles wat hulle doen: in die openbare prediking in die samekoms van die gelowiges; in die persoonlike vermaning, bestraffing, vertroosting en lering by die huise; in die tugoefening; in die organisasie van die kerk, bring en pas hulle maar net die Woord toe. Daarom is Sohm eensydig as hy die woordbediening, en so die kerkregering, laat opgaan in die openbare prediking in die vergadering van die gelowiges.

Verder lei Sohm se opvatting tot miskenning van die besondere amp, omdat hy die amp alleen erken in die leergawe wat prinsipieel aan elke gelowige gegee is.

---

80). ibid. p.p. 530. e.v.

Daar is in sy beskouing 'n spanning tussen die amp soos uitgeoefen deur besondere, daartoe geroepe persone in die kerk, en die amp soos vervat in die priesterskap van alle gelowiges.

Hierdie spanning vloei enersyds voort uit die feit dat hy die sigbare kerk alleen sien in die sporadiese vergadering van die gelowiges. As hulle uiteengaan, bly net die onsigbare kerk oor. In dié lig gesien is die amp, verbonde aan bepaalde persone, eintlik oorbodig. Want wie glo, het die leergawe en onderwerp homself uit liefde aan die heerskappy van Christus en moedig ander daartoe aan. Wanneer die kerk sigbaar word in die sporadiese vergaderinge, berus die predikamp eintlik maar by gelowiges wat uitmunt in die leergawe en die erkenning van die ander verkry het, en nie by besondere organe wat Christus geroep en bekwaam het vir die regering van sy kerk nie. Hy maak geen onderskeid tussen die algemene priesterskap van die gelowiges en die amp ten dienste van die gelowiges tot opbouing van die kerk nie.

Die spanning in Sohm se ampsbegrip word ook bewerk deur die vrees dat aan die amp 'n „rechtlicher Form" met „rechtlichen Befügnissen" toegeskryf sal word. Daarom erken hy ook net die predikamp as regeeramp, wat eintlik net die funksie het om te sê: So sê die Here. Uit liefde moet hy dan gehoorsaam word. Die uitslag van die prediking moet geheel aan die Gees oorgelaat word, terwyl die gelowiges die amp ook net erken solank as wat hulle meen dat die leergawe aanwesig is.

Sohm se ampsbeskouing lei so tot subjektivisme en individualisme, wat selfs die sporadiese sigbaarwordi[ng] van die kerk onmoontlik maak. Dit het hy self

waarskynlik aangevoel en moes hy, ten spyte van die feit dat hy die sleutelmag aan die enkele gelowige toeken, tegelykertyd verklaar dat as die Charisma by 'n besondere gelowige blyk en erken is deur die gemeente, dit hulle liefdesplig is om hulle aan hom te onderwerp. „Indem der Träger des Predigtamts predigt oder sonst durch das Evangelium „regiert", predigen und regieren sie alle mit ihm, denn nur kraft ihrer freien Zustimmung darf er solches Wort als Gottes Wort führen."[81) Solank die vrye toestemming bly, oefen die ampsdraer die sleutelmag uit as 'n persoonlike, Godgegewe mag,[82) maar dan klaarblyklik as 'n verteenwoordiger van die gemeente.

Hierdie spanning rondom die amp kan alleen weggeneem word as in gedagte gehou word dat Christus die kerk, as sigbare instituut, gebruik as middel om die gelowiges te vergader, te bewaar, te beskerm en te onderhou in hierdie wêreld.[83) Daarom het hy die amp ingestel, met die ampsdraers as organe wat deur die Woordsbediening met gesag die gelowiges leer en lei. In hierdie sondige bedeling is die kerk nog strydende en kan die gelowiges die onderwysing, vermaning, bestraffing en vertroosting nie ontbeer nie. Hulle is aangewys op die besondere amp deur Christus vir hulle versorging. Die besondere amp is nie te skei van die algemene priesterskap van die gelowiges nie, maar wel

---

81). ibid. p.500.

82). ibid. p.p. 513 e.v.

83). Vgl. Heidelbergse Kategismus. Sondag XXI in vergelyking met Sondag XXX vrae 81 en 82 en Sondag XXXI.

daarvan te onderskei as 'n besondere instelling van Christus. Die amp vernietig nie die selfstandigheid van die gelowiges nie, maar is gegee ter wille van die gelowiges; nie as hulle organe nie, wel as organe van Christus deur Wie se diens Hy sy hemelse gawes in hulle uitgiet. „Het ambt onderdrukt de gaven niet, maar organiseert ze en houdt ze in het rechte spoor, en de gaven zetten het ambt niet ter zijde maar maken het krachtig en vruchtbaar."[84] Herskape in Christus moet elke gelowige as 'n nuwe skepsel wandel.[85] Maar om as nuwe skepsel te wandel, om as mens van God volkome toegerus te wees vir elke goeie werk, het die gelowiges in hierdie bedeling van stryd die leiding van die amp in die bediening van die Woord nodig.[86]

Die wettige geroepe ampsdraers het dan ook nie gesag in die kerk deur die vrye toestemming van die gelowiges en omdat hulle die gelowiges verteenwoordig nie, maar omdat Christus hulle geroep, aangestel en bekwaam gemaak het as die versorgers van die kerk.[87] Die ampsdraers is die organe van Christus waardeur Hy sy kerk versorg in die regering daarvan. Hulle is die kerk ten dienste en staan met die gesag van Christus teenoor die gelowiges. Die kerk is weer die liggaam van Christus en moet in gehoorsaamheid aan Christus hulle stel onder die regering van organe van Christus.[88]

---

84). H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. (1911). p.358.

85). Vgl. II Kor. 5:17.

86). Vgl. II. Tim. 3:16 en 17 i.v.m. 4:1-5.

87). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. p.414.

88). Vgl. o.a. Gal. 1:6-9; Openb. 2:2.

Dit is dus geen blindelingse gehoorsaamheid aan mense nie. „Volgens de H. Schrift is Christus de Koning zijner kerk, en zoowel de ambtsdragers als de leden der gemeente moeten zich gedragen naar het Woord van Christus."[89)]

Die ampsbeskouing van Sohm het dus waarheidselemente in, maar wyk tog af van wat uit die Skrif in dié verband afgelei kan word.

Ons het reeds uit die apostelamp vasgestel dat die Diakonia, in die amp opgesluit, diens van die Woord óf bediening van die Woord van God aan die gelowiges is. Dit is egter nodig om verder te let op hoe die apostels as gesante van Christus hulle amp uitgeoefen het vir die nadere ontwikkeling van die ampsbegrip.

Vanaf Pinkster tree die apostels aktief op in die uitvoering van hulle amp. Bekwaam gemaak deur die Heilige Gees, met Petrus as segsman, proklameer hulle op Pinkster die bestaan van die Nuwe Israel, „waarvan Jezus de Messias is."[90)] Maar tegelyk stel Petrus die eis tot bekering en die doop tot vergewing van sondes, met die versekering „julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."[91)] Hierdie eis, met die belofte, vorm steeds die kern van die apostels se prediking. Daarmee word dit duidelik dat die apostels nie net die kerk as 'n onsigbaar-geestelike grootheid, onder die onsigbare heerskappy van die Hoof en Koning, Christus, op die

---

89). H. Bouwman: a.w. I. p.332. Vgl. ook p.352;
K. Sietsma: De Ambtsgedachte. p.93.

90). J.M. Gerritsen: a.w. p.30.

91). Handelinge 2:38.

oog het nie. Hulle roep uitdruklik 'n vergadering van gelowiges byeen waartoe alleen toegang te verkry is deur die openbare belydenis van die geloof, wat beseël is deur die doop.[92] Hierdie kerk of vergadering van gelowiges staan onder die regering van die apostels. As gevolmagtigde gesante skryf hulle aan die kerk, deur hulle optrede en bepalinge, voor dat die bediening van die Woord en sakramente, deur dié wat daartoe geroep is, gedurig daarin onderhou moet word.[93] Hulle reël egter ook die onderlinge verhoudinge van die gelowiges teenoor mekaar,[94] sowel as hulle gedrag in die vergadering.[95] Gedurig klink hulle vermaning, bestraffing, bemoediging en vertroosting ook in die vergaderinge op. Deur die tug moet die kerk as vergadering van gelowiges, die liggaam van Christus, heilig gehou word om die swakkes en dwalendes tot bekering te bring en die ongelowiges daaruit te weer.[96]

Die Handelinge van die apostels sowel as hulle briewe, bring egter ook aan die lig dat hulle in die regering van die kerk nie alleen opgetree het nie. Spoedig lees ons van manne wat hulle in die ampsbediening tersyde gestaan het. Die dienste wat hierdie manne in die regering van die kerk vervul nog tydens die lewe van die apostels, word deur Calvyn in twee groepe verdeel, naamlik dié wat net tydelik was en uit die noodsaak van die tye geëis is en dié wat bedoel is as 'n vaste of

---

92). Vgl. Handelinge 2:41.

93). Vgl. o.a. Handelinge 2:41, 42; 4:33; Romeine 10:14, 15; Ef. 4:11 v.v.; II Tim. 3:14-4:5.

94). Vgl. o.a. Handelinge 4:34; 1 Kor. 11:17 v.v.

95). Vgl. o.a. 1 Kor. II. 1.v.v.; 1 Kor. 12; 1 Tim. 3:1 v.v. veral vers 15.

96). Vgl. o.a. Handelinge 5:1. v.v.; 20:28.v.v; 1 Kor. 5:1. v.v.; II Kor. 2:5.v.v.; Titus 1:10.v.v.

gewone amp in die kerk.[97] Onder die tydelike dienste reken hy, naas die apostels, die profete en evangeliste.

Die profete was dié wat die pasgestigte kerke help bou het deur 'n besondere leergawe. Hulle het nie alleen uitgeblink in die uitleg van die geopenbaarde waarheid nie, maar ook daarin dat hulle besondere openbarings ontvang het in die tyd toe die Kanon nog nie afgesluit was nie. Die profesie was „een der vergoedingen aan de geloovigen (werd) geschonken voor wat wij in het N-Testament bezitten."[98] Die profesie was 'n Charisma en profete is nie direk deur Christus of die kerk geroep nie, maar hulle roeping was opgesluit in die bekwaming deur die Heilige Gees vir hulle taak. Die Nieu-Testamentiese profesie het wel ooreenkoms met die Ou-Testamentiese. Beide is wesenlik apokalupsis.

Hierdie Charisma was vir die amp 'n kragtige steun. Die profete arbei saam met die apostels en evangeliste aan die grondlegging van die kerk. Veral was hulle die apostels behulpsaam in die opbou van die kerk deur die leer.[99] Dit was uit die aard van die saak dus nie 'n blywende amp nie - dit moes verdwyn na die vestiging van die kerk en die afsluiting van die

---

97). Vgl. Institusie IV. 111. 4. p.p. 58/9.

98). P.A.E. Sillevis Smitt: a.w. p.134. Vgl. Sohm: a.w. p.45; J.D. du Toit: De Zestiende-Eeuwse Profetie en haar beteekenis voor onze tijd. Potchefstroom 1911. p.17.

99). Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. p.p. 363/4; K. Dijk: De Dienst der Prediking. p.36.

Kanon.[100)]

Die evangeliste verskil van die profete daarin dat hulle, onder leiding van die Heilige Gees, afgesonder is om die evangelie te verkondig en om as hulp vir die apostels op te tree in die grondlegging van die kerk. „En eindelijk is er ook deze gemeenschap tussen hen en de apostelen, dat zij met hen samenwerken in de vestiging van Christus' kerk onder alle volken; zij zijn danook metgezellen van de apostelen (Gajus en Aristarchus in Efeze, (Hand. 19:29); medearbeiders en medestrijders (Epafroditus uit Filippi in Rome, Fil. 2:25; en Timotheus, 1 Thess. 3:2); mededienskneehten (Epafras en Tychicus in Colosse, Col. 1:7; 4:7), die nat maken wat de apostelen hebben geplant (1 Cor. 3:6)"[101)] Hulle is by die apostels ingeskakel „da sie durch apostolische Charisma zu gleicher Thätigkeit wie die apostel berufen sind.[102)] Hulle is egter nie gelyk aan die apostels nie, maar tree aan hulle ondergeskik op.[103)] Die amp verdwyn dan ook geheel in die na-apostoliese tyd.

---

100). Dr. J.D. du Toit erken die buitengewone van die profete-amp in die N.T. (Vgl. a.w. p.17); tog wil hy die buitengewone daarin nie oorbeklemtoon nie sodat „wij alle geestelijke rapport daarmee verliezen." Die profesie het nie verdwyn nie, maar is nou net nie meer „h t uitzeggen van Nieuwe, pas geopenbaarde dingen, maar de bezielde prediking en „geestelijk geniale" uitlegging der H. Schriftuur." a.w. p.18. Die profesie word ook voortgesit in die amp van die gelowige. Hierdie beskouing, waarop nie verder ingegaan word nie, weerlê egter nie die stelling dat die N.T. profete-amp as 'n hulp by die apostelamp, net tydelik was nie.

101). K. Dijk: De Dienst Der Prediking. p.37.

102). R. Sohm: a.w. p.43; Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek. IV. (1911). p.362.

103). Vgl. H. Bavindk: a.w. IV. p.362; K. Dijk. a.w.: p.36.

Hoewel die profete en evangeliste baie nou verwant is aan die apostels, is hulle tog wesenlik van hulle te onderskei. Die apostels vorm 'n eie, afgeslote kring en hulle amp dra 'n besondere karakter.[104)] Hulle is deur die volgende trekke kenbaar:

1. Hulle is aan Christus deur die Vader gegee; deur Homself uitgekies en geroep; deur God gekies tot die amp.

2. Jesus self het hulle opgelei en bekwaam vir hulle taak en hulle was oor- en ooggetuies van sy woorde en dade; hulle het die Woord en die lewe met die oë aanskou en met die hande getas en hulle evangelie van Christus self ontvang.

3. Hulle was die Heilige Gees in besondere mate deelagtig. Hy het hulle onderrig en in alle waarheid gelei.

4. Met die Gees toegerus het hulle openlik as betroubare getuies van Jesus opgetree, bepaaldelik van sy opstanding.

5. Hulle getuienis is deur God met wonders en tekens en ryke geestelike seën beseël.

6. Die kerk van alle eeue is aan hulle getuienis gebonde. Daar is geen gemeenskap met Christus behalwe deur die woord en persone van die apostels nie. Hulle is die fondament van die kerk.

---

104). Op die hele probleem aangaande die afgeslotenheid van die kring van die apostels in die lig van die verkiesing van Matthias, die roeping van Paulus en dat ook andere buite die twaalf en Paulus apostels genoem word, gaan ons hier nie in nie. Volstaan word met 'n verwysing na H. Bavinck: a.w. IV. p.361, dat die woord apostel in die N.T. in ruimer en enger sin gebruik word. In enger sin word net die twaalf en Paulus tot apostels gereken. Paulus, omdat hy op buitengewone wyse deur Christus self geroep en bekwaam is as apostel. Vgl. ook O. Linton: a.w. p.75.

7. Hulle amp is nie net vir 'n tyd of tot 'n plaaslike kerk beperk nie, maar is blywend en universeel. „Het is het eenige, dat rechtstreeks door Christus ingesteld is en sluit alle bevoegdheden en werkzaamheden, die in de latere ambten verdeeld zijn, in zich......"[105)]

(3) DIE INSTELLING VAN DIE GEWONE AMP.

Dat gewone, blywende ampte deur die apostels ingestel is vir die kerk, is ook reeds duidelik uit die aanvanklike optrede van die apostels. In Handelinge word sewe manne, vol van die Heilige Gees, aangewys om die werk van die apostels in die gemeente self te verlig. Al dadelik, ná die openbaring van die kerke onder die heidene, word ouderlinge gekies,[106)] terwyl Paulus Titus beveel om in Kreta ouderlinge aan te stel.[107)] Aan Timotheüs skryf Paulus die vereistes voor waaraan ouderlinge en diakens moet voldoen.[108)] In Handelinge 20:28 spreek Paulus ook van die ouderlinge wat die Heilige Gees as opsieners aangestel het as herders, om die gemeente van God te versorg. Bronkhorst wys daarop dat persone deur 'n verskeidenheid van name en titels aangedui word, wat in die apostoliese tyd dienste in die kerk verrig het waarin die amp van Christus ontplooi is.[109)]

---

105). H. Bavinck: a.w. IV. P.365; Vgl. vir die kenmerke. a.w. p.p. 364. e.v.; O. Linton: a.w. p.75; Ph. J. Huijser: De Ouderling en De Prediking. Kok Kampen. 1959. p.p. 18. e.v.

106). Vgl. Handelinge: 14:23.

107). Vgl. Titus 1:5.

108). Vgl. 1 Tim. 3.

109). Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.115.

Hierdie ampte, deur die apostels as gevolmagtigdes van Christus ingestel, kom daarin ooreen met die apostoliese amp dat deur die vervulling van die diens daarin opgedra, Christus in sy kerk gestalte moet kry.

Die ampsdraers word geroep en kry 'n opdrag net soos die apostels. Die verskil is egter dat Christus die apostels direk geroep en in diens gestel het, terwyl die gewone ampsdraers middellik geroep word deur Christus. Om tot die amp, deur die apostels ingestel, te kom, loop die weg waarlangs Christus sy dienaars in die amp stel „over vocatie, examinatie en ordinatie."[110] Die vergaderde gelowiges het uitgesien na manne van goeie getuienis vol van die Heilige Gees en wysheid, wat hulle gekies en die hande opgelê het.[111] Waar die roeping nie meer direk deur Christus geskied nie, is dit alleen kenbaar „aan de samenstemming der in- en uitwendige roeping."[112] Die inwendige roeping bestaan in die verlening van die gawes wat vir die amp vereis word, in die standvastige begeerte waardeur iemand na die amp strewe en die opening van die weë wat tot die amp lei.[113]

Hierdie inwendige roeping moet sy waarmerk en seël ontvang in die uitwendige roeping deur die kerk. Ook die uitwendige roeping gaan van Christus uit, hoewel middellik deur die vergaderde gelowiges.[114] Christus regeer in die kerk en daarom het die keuse van die gemeente geen ander betekenis nie as dat hulle die gawe

---

110). H. Bavinck: a.w. IV. p.415.

111). Vgl. Handelinge 6:3-6.

112). H. Bavinck: a.w. IV. p.415; Vgl. A.D.R. Polman: a.w. IV. p.p. 36 e.v.; K. Sietsma: a.w. p.110. Calvyn: Institusie: IV. III. 11. p.65.

113). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. p.415.

114). Vgl. Handelinge 6:2-6; W.J. Aalders: a.w. p.26; en H.H. Kuyper: De Heraut, Jaargang 1922. no.2294.

wat Hy aan besondere persone gegee het, opmerk en hulle aanwys vir die amp waartoe Hy hulle bestem het. Die verkiesing staan onder die leiding van dié wat reeds in die amp is. Christus lei self die verkiesing deur sy ampsdraers.[115] Daarom is die keuse ook nie vry nie, maar gebonde aan vereistes en voorwaardes wat Christus self, deur sy apostels, vir die amp aangewys het.[116]

Na die verkiesing volg die beproewing, die ondersoek of eksaminasie. Dit dien tot meerdere sekerheid dat die beroepene die vereiste gawes besit. Die kerk is nie onfeilbaar nie en moet seker maak dat wie gekies is, wel voldoen aan die eise wat Christus vir die amp stel.[117]

Eers nadat sover moontlik vasgestel is, ooreenkomstig God se Woord, of die roeping waarlik van Christus is, volg die bevestiging. Gewoonlik het dit in die apostoliese tyd met handoplegging geskied. Tog skyn daar gevalle te wees waar die roeping tot die amp nie deur handoplegging gevolg is nie. Jesus doen dit nie met die roeping van die apostels nie, terwyl ook nie van handoplegging gelees word by Matthias, Paulus en Barnabas nie. Gewoonlik is ampsdraers egter met oplegging van die hande bevestig. „En ofschoon er geen enkel bepaald bevel bestaat over de oplegging der handen, moet toch, daar we zien, dat ze bij de apostelen voortdurend in gebruik geweest is, die nauwkeurige inachtneming door hen ons zijn als een gebod."[118]

---

115). Vgl. Handelinge 1:15 v.v.; 6:2. v.v.; 14:23; Vgl. Calvyn: Institusie: IV. III. 15. p.p. 68.e.v.

116). Vgl. Handelinge 6:3; 1 Tim. 3; Titus 1.

117). Vgl. 1 Tim. 3:10 en H. Bavinck: a.w. IV. p.416

118). Calvyn: Institusie. IV. III. 16. p.70.

Gerritsen laat hierdie handoplegging geld as voorwaarde vir die wettigheid van wat hy noem die <u>tweede</u> amp.[119] Hy spreek immers van „de overdracht van het ambt."[120] Die amp gaan van die een persoon oor op die ander. Met die handoplegging geskied 'n oordrag van die gawes vir die amp. Handoplegging is om „iets van het eigen zijn op een ander" oor te dra.[121] Dit word alreeds by Jesus opgemerk as Hy byvoorbeeld siekes die hande oplê of as iemand genees raak deur die aanraking van sy kleed. Deur liggaamlike kontak dra Hy van sy goddelike krag op ander oor.[122] Dieselfde word by die apostels aangetref. Daarom is die handoplegging by die bevestiging in die amp deur die apostels 'n oordrag van die ampsgawes deur liggaamlike kontak van die een persoon na die ander: „Zoals Mozes Jozua zijn beleven geeft en van zijn heerlijkheid op hem legt, geeft Paulus zijn opdracht en gave door handoplegging over aan Timotheüs."[123] Met ander woorde, die apostels het oor die Heilige Gees beskik en kon Hom aan 'n ander oordra. Die verskil tussen die apostelamp en die tweede amp is dan dat die apostels wel volmag tot oordrag van die Heilige Gees gehad het, maar die mag tot hierdie oordrag nie aan die draers van die tweede amp gegee het nie. Die apostoliese amp is 'n volledige verteenwoordiging van Christus, terwyl die tweede amp van die apostoliese afhanklik is.[124]

---

119). Vgl. Gerritsen: a.w. p.64: met „Tweede" amp bedoel hy die ampte wat die apostels ingestel het.

120). ibid. p.64.

121). ibid. p.71.

122). Vgl. ibid. p.p. 72/3.

123). ibid. p.76.

124). Vgl. ibid. p.82.

Gerritsen beskou hierdie ampsoordrag deur die apostels as 'n brug tussen die amp soos dit in die Nuwe Testament tot openbaring kom, en die amp soos dit in die tweede eeu, in sy differensiasie, aan die lig tree. Maar juis in sy beskouing dat die apostels oudstes in die amp gestel het en dat die oudstes mettertyd verdeel is in episkopoi en diakonoi, en die episkopoi die plek van die apostels gaan inneem het, terwyl die diakonoi net 'n hulp vir die episkopos was - 'n hiërargiese ontwikkeling wat suiwer Skriftuurlik is[125] - skuil die noodwendige afleiding dat die amp in die kerk alleen kan voortbestaan deur die apostoliese suksessie. Hy staan hierin naby die Rooms-Katolieke opvatting van die amp. Hy sal, ten spyte van sy stelling dat die tweede amp geen bevoegdheid tot die oordrag van die Heilige Gees in die ampsoordrag besit nie, tog nie aan die konsekwensie ontkom dat die wettigheid van die amp op apostoliese suksessie, in die oordrag van die amp van een persoon op 'n ander, berus soos Rome beweer nie.

Die gronddwaling in Gerritsen se beskouing vloei voort uit wat hy van die handoplegging aflei, naamlik dat deur liggaamlike kontak ampsgawes van die apostels na ander gevloei het. Hierdie opvatting is heeltemal in stryd met dié van die reformatore en later Gereformeerde dogmatici. Hierdie gedagte lei immers daartoe dat die ampsdraer in Christus se plek gestel word. Hy is nie meer orgaan van Christus nie, maar wel Sy plaasvervanger. Calvyn sien in die handoplegging alleen dat die apostels die wat bevestig word, „als het ware voor Gods aangezicht brachten....Daarom gaven de apostelen door de oplegging der handen te kennen, dat

---

125). Vgl. ibid. p.p. 119, 120.

ze hem die ze inwijdden tot de dienst, aan God aanboden."[126] Die handoplegging was nie die mededeling van geestesgawes of van die Heilige Gees nie. Vóór die verkiesing moet die gawes van die Heilige Gees reeds opgemerk word. Die handoplegging was alleen 'n middel waardeur die ampsdraers aan die gemeente voorgestel en vir die amp bestem, afgesonder is. Die handoplegging is geen bevel van Christus nie en daarom nie noodsaaklik nie. Dit is niks anders „dan eene openbare aanwijzing van dengene, die tot een ambt geroepen is, en eene plechtige inleiding en bestemming tot dat ambt."[127] Die opvolging van die apostels bestaan dan ook nie in ampsoordrag van persoon tot persoon deur die oplegging van hande nie, maar wel in die wettige roeping om Christus se heerskappy in die kerk, deur die bediening van sy Woord, te verwerklik. En dié Woord is mede deur die apostels as openbaringsorgane in die Heilige Skrif bewaar. Aan die Woord van Christus, soos deur die apostels verkondig, is die kerk gebind; „daarin is eens en voor altyd gegeven de regel en maatstaf niet alleen voor het geloof en den wandel van iedere Christen, maar ook voor de inrichting der kerk, voor haar ambten en bedieningen."[128] Daarom, as gesê word dat die kerk die apostels as fondament het, beteken dit niks anders as dat Christus die fondament is nie. En die ampsdraers moet op hierdie fondament voortbou aan die kerk.[129] Waar die ampsdraers die leer getrou en suiwer bewaar, is hulle

---

126). Institusie: IV. III. 16. p.70.

127). H. Bavinck: a.w. IV. p.419; H. Bouwman: a.w. I. p.410, 411.

128). Ph. J. Huijser: De Ouderling en de Prediking. p.19.

129). Vgl. 1 Kor. 3:9. v.v.

opvolgers van die apostels. „Waar geen succesie in de leer der apostelen is, daar is geen successie in het ambt."[130] Daar is dus geen oordrag van die amp nie, maar elke keer word 'n ander persoon geroep met dieselfde opdrag.

Wesenlik is daar dan ook geen verskil tussen die apostoliese amp en die gewone amp in die kerk nie. Albei is instrumente waardeur Christus werk. Hy dra sy reg en eer nooit aan 'n mens oor nie, maar gebruik hulle „alleen om door hun mond zijn eigen werk te volbrengen, gelijk ook een handwerksman tot het maken van zijn werk gereedschap gebruikt."[131] Die organe vervang Hom nooit en kom nooit in sy plek om die amp te kan oordra nie.[132] Die verskil tussen die apostoliese amp en die gewone amp lê alleen daarin dat Christus sy Woord deur die apostels op buitengewone wyse gebring en bevestig het ter vestiging van die kerk.

Die gewone amp is gewortel in die apostoliese amp en het daaruit ontwikkel, alleen verbonde aan die plaaslike kerk. Die amp wat die apostels instel, volg eers op die openbaring van die kerk op elke plek. Dié ampte veronderstel die bestaan van die plaaslike kerk en die ampsdraers word met medewerking van die vergaderde gelowiges aangewys.[133]

Die instelling van die gewone amp begin reeds

---

130). A.D.R. Polman: a.w. IV. p.51; Vgl. A.A. van Ruler: a.w. p.p. 31-33.

131). Calvyn: Institusie. IV. III. 1. p.54.

132). Vgl. S. Greydanus: Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen. Enschede. p.[illegible].

133). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. p.p. 368 en 377.

in die Jerusalemse kerk. In Handelinge 6 word die verkiesing van die sewe manne, wat die bediening van die tafels van die apostels moes oorneem, verhaal. Dan word in Handelinge 11:30 van ouderlinge gespreek en in 14:23 melding gemaak van presbiteroi, wat deur Paulus en Barnabas laat kies is vir die kerke, wat onder die heidene tot openbaring gekom het.

(a) Die ouderlingamp:

Sommige, onder wie H. Bavinck, meen dat as gevolg van die uitbreiding van die kerk te Jerusalem, die apostels spoedig moes oorgaan tot die indeling van die gelowiges in huisgemeentes.[134] Ter wille van die orde in hierdie huisgemeentes, waar die apostels nie oral self teenwoordig kon wees nie, is aangesluit by die inrigting van die Joodse sinagoge.[135] Die Jerusalemse kerk is ingerig na die model van die sinagoge en die presbiteroi het vanself, in aansluiting by die oudstes van Israel, die leiding geneem. Vir die verhaal van die instelling van die presbiteramp was daar geen noodsaak nie, omdat dit reeds van ouds in die kerklike lewe bestaan het;[136] „.... the christian elders were .... simply a repitition of the ordinary Jewish elders."[137] C. Bouma sê in sy kommentaar op 1 Timotheüs 5:17: „van prysbyters in ambtelijken zin was reeds in het Jodendom sprake..... zoodat het ambt aan

---

134). Vgl. ibid. p.368.

135). Vgl. ibid. p.368. W. Heyns: a.w. p.p. 7-9; Ph. J. Hoedemaker: a.w. p.146; Ph. J. Huijser: a.w. p.p. 9-11.

136). Vgl. W. Heyns: a.w. p.9.

137). F.J.A. Hort: a.w. p.62.

de eerste gemeente volkome bekend was."[138] Ook Ph. J. Hoedemaker verklaar dat die ouderling-amp uit die Jodendom oorgeneem is. „Het ambt behoefde niet gecreëerd te worden, het bestond;....... het was alleen nodig denzelfden regel in de Christelijke Kerk toe te passen die voor de Synagoge gold."[139]

Omdat die ouderlingamp die sanksie van die apostels het, is dit nie nodig om juis aan te wys wanneer dit ingestel is nie. In die apostoliese sanksie is „het bewijs dat het naar den wil is van den Koning der Kerk."[140] Die ouderlingamp bestaan dus waarskynlik nog voor die roeping van die sewe in Handelinge 6, volgens hierdie opvatting. As dit so sou wees, is die presbiteraat die oorspronklike gewone amp, deur die apostels ingestel.[141] Gerritsen sien dan ook nie die instelling van die diakenamp in Handelinge 6 nie;[142] terwyl Bronkhorst 'n beroep op Hand. 6 wel geoorloof ag vir die oorsprong van die diakenamp „mits men de strikte taakbeperking onzer diakenen tot de dienst der barmhartigheid dan maar op andere gronden motiveert;" want die sewe „waren evangelisten, ouderlingen, diakenen in eenen."[143] Daarom kan Handelinge 6 net sowel geneem word as siende op die instelling van die ouderlingamp.

Heyns meen aan die ander kant dat die ouderlingskap aanvanklik eers vanself op die gevorderdes in

---

138). C. Bouma: De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus. v. Bottenburg. 1942. p.139.

139). Ph. J. Hoedemaker: a.w. p.146.

140). W. Heyns: a.w. p.10. Vgl. Ph. J. Huijser: a.w. p.11.

141). Vgl. K. Dijk: a.w. p.91.

142). Vgl. J.M. Gerritsen: a.w. p.58.

143). A.J. Bronkhorst: a.w. 69.

leeftyd geval het. Nie net dié wat reeds gevorderd was in jare word hier bedoel nie, maar by die jare moes nog kom dat hulle Jesus geken, sy onderwys geniet, sy dade aanskou het, terwyl hulle ook 'n sekere agting moes geniet het. Eers later is oorgegaan tot die verkiesing van ouderlinge.[144] Dit kom dus daarop neer dat die ouderlingskap aanvanklik nie as 'n amp beskou is nie, dit was bloot 'n waardigheid, wat sekere bevoegdhede meegebring het.

Sohm gaan verder en ontken die instelling van die ouderlingamp deur die apostels. Tot aan die einde van die eerste eeu het die woord ouderling nooit 'n amp nie, maar 'n stand of waardigheid aangedui. Die presbiteroi het 'n ereposisie, as waardige ou lede van die kerk wat vas gestaan het in die Christenskap, ingeneem. Ampsdraers het seker tot die oudste stand behoort, maar dit was self geen amp nie; „die Amtsträger in der Gemeinde gehören zu den Alten (den Geehrten, Ruhmreichen verständigen) aber die Alten als solche sind nicht Beamte, sondern die Geehrten, die Hervorragenden, die Verständigen."[145]

Volgens Sillevis Smitt is die ouderlingamp enersyds op natuurlike wyse gebore, en andersyds is dit 'n instelling van Christus deur die apostels.[146]

Al is daar dus verskille oor wanneer die ouderlingamp ingestel is, en of dit al dadelik as amp of

---

144). Vgl. W.J. Heyns: a.w. p.10.

145). R. Sohm: a.w. p.195. Vgl. ook H. Bavinck: a.w. IV. p.369. Hy stel die verkiesing van ouderlinge tot die opsienersamp egter nie, soos Sohm, eers na die einde van die eerste eeu nie, maar wel reeds gedurende die apostoliese tyd.

146). Vgl. P.A.E. Sillevis Smitt: a.w. p.162.

eers as waardigheid, waaraan sekere bevoegdhede ge-kleef het, beskou moet word, stem almal behalwe Sohm tog saam dat dit 'n amp is wat deur die apostels inge-stel is.

Dit blyk uit Handelinge dat die apostels in die Jerusalemse kerk gou op die agtergrond tree wat die leiding betref. Handelinge 11:30 en 15:2 v.v. toon dat die presbiteroi die leiding in die Jerusalemse kerk het. En as Paulus na sy derde sendingreis 'n besoek aan Jakobus bring, is al die presbiteroi aanwesig.[147] Daar is „geen enkele reden om te betwijfelen, dat hun positie weinig verschild zal hebben van die van onze huidige ambtsdragers."[148]

Die ontstaan van die amp is moeilik te verklaar. Al wat duidelik is, is dat die amp vroeg al gefunksio-neer het. Die apostels het al spoedig die hulp van presbiteroi gebruik. Wanneer en hoe die amp ingestel is, word nie nader aangedui nie. Dit is egter nie on-moontlik dat die presbiteroi reeds voor Handelinge 6 in diens gestel is nie, want „hoi neoteroi" van Handelinge 5:6, 10 kan wys op 'n onderskeiding van „hoi presbite-roi."[149]

In Handelinge 20:17 verneem ons dat Paulus van Milete gestuur het na Efese en die presbiteroi van die gemeente laat roep het. Later noem hy in vers 28 weer episkopoi wat die Heilige Gees oor die gemeente van God aangestel het om dit as herders te versorg. Die vraag

---

147). Vgl. Handelinge 21:18.

148). A.J. Bronkhorst: a.w. p.70.

149). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. p.370.

is nou of daar naas die presbiters ook episkope as ampsdraers in die gemeente onderskei moet word. Volgens Sohm en Bavinck moet die presbiters eerstens gesien word as die stand of waardigheid van oudstes en die episkope as die ampsdraers. Die naam episkopos kom in die plek van presbiteros toe uit die oudstes opsieners aangewys is. Waar die opsieners aangedui word as presbiters, is dit alleen maar omdat die episkope as reël uit die kring van die presbiters gekies is. Met die oog op hulle werk word hulle egter episkope genoem. „Episcopi zijn dus zulk presbyteri, die voor een bepaalde dienst in de gemeente werden aangewezen; alle episcopi zijn dus presbyteri, maar lang niet alle presbyteri waren episcopi; presbyteri vormden een stand of groep, episcopi droegen een ambt."[150)]

Gerritsen neem weer aan dat daar 'n onderskeiding in die kring van presbiters self gekom het. „Opmerkelijk is dat presbyters de algemene ambtsaanduiding is, die dan in bischoppen en diakenen wordt onderscheiden, in overeenstemming dus met het nieuw-testamentisch verschijnsel, dat uit het tweede Ambt, met die algemene naam „Oudste," als "verbizonderingen" opzieners en diakenen voortkomen."[151)] Die presbiter wat die leiding kry in die kring van die presbiters word dan episkopos genoem. Die naam dui dus daarop dat daar 'n hiërargiese ontwikkeling van die amp was, wat dan suiwer Bybels sou wees.[152)]

---

150). H. Bavinck: aw. IV. p.370.

151). J.M. Gerritsen: a.w. p.89.

152). Vgl. J.M. Gerritsen: a.w. p.p. 119, 120.

Dr. A.M. Brouwer aanvaar dat die presbiteramp ingestel is volgens Handelinge 6. Maar op grond van die verskillende interpretasies oor die amp konkludeer hy: „Dat het eisch van Gods Woord sou zijn dat er drie ambten zullen bestaan, n.l. van dienaren des Woords (ook herders en leeraars genoemd); oudsten en diakenen is onverdedigbaar te noemen." En verder: „Ook wat de Ambten betreft, moeten wij erkennen, dat de aanwijzingen in den Bijbel voor verschillende uitlegging vatbaar zijn en de mogelijkheid van verschillende uitwerking openlaten."[153)]

Dit blyk nou dat dit noodsaaklik is om eers nader op die betekenis van die woord Episkopos en die gebruik daarvan ter aanduiding van 'n amp in die kerk, in te gaan. Die woord word in die Griekse literatuur gebruik „als Gottespradikat... episcopoi heissen die Götter als Aufseher über gute und böse Taten."[154)] Dit word egter ook gebruik om menslike opsieners aan te dui, hoewel in 'n mindere mate en dan het dit selde 'n tegniese betekenis. „Als feste Amtsbezeichnung ist also das Wort in der Literatur selten."[155)] Inskripsies werp ook nie veel meer lig op die betekenis van die woord in die klassieke Grieks nie, behalwe dat dit iemand aandui aan wie een of ander opsig toevertrou is. Waaroor die opsig uitgeoefen is, word nie gesê nie. Daar kan nog nie „eine feste inhaltliche Bedeutung für das Wort episcopos" aangewys word nie.[156)]

---

153). A.M. Brouwer: De Kerkorganisatie der Eerste Eeuw en wij. s.j. p.p. 38 en 78.

154). O. Linton: a.w. p.105.

155). ibid.: p.106.

156). ibid: p.107.

Die christelike bronne gee egter 'n nadere aanduiding van die inhoudelike betekenis van die woord in christelike kringe. Daar is eenstemmigheid dat die episkopoi die opsig oor die gemeente en gemeentelike werksaamhede het.[157)]

C. Bouma teken by 1 Tim. 3:1 aan: episcopē, nomen actionis van episkeptomai, opzoeken, ook reeds in het oude Testament met de daaruit afgeleide beteekenis van stellen in een ambt, waarin iemand is gesteld."[158)] Paulus gebruik die woord hier in engere sin en bedoel 'n opsienersamp in die christelike gemeente.

Die verband waarin die woord episkopos, veral in die pastorale briewe voorkom, laat duidelik blyk dat Paulus met episkopoi en presbiteroi dieselfde persone aandui. Blykens Titus 1:5, 7 is die episkopos dieselfde as presbiter.[159)]

Alford kom tot dieselfde konklusie: „The identity of the episcopos and presbiteros in apostolic times is evident from Titus 1:5-7."[160)] Hierby sluit Calvyn ook aan as hy sê dat onder die naam biskop verstaan Paulus „generally all pastors...... Let as remember, therefore, that this word is of the same import as if he had called them ministers, or pastors, or presby-

---

157). Vgl. ibid. p.107.

158). Kommentaar op het N.T. De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus. 1942. p.129; Vgl. P.A.E. Sillevis Smitt: a.w. p.176.

159). Vgl. C. Bouma: a.w. op Titus 1:5, 7; p.42. Vgl. ook p.386.

160). Alford: The Greek Testament. Vol. III; p.321. Vgl. ook A.D.R. Polman: a.w. IV. p.p. 33 en 50.

ters."[161])

C. Bouma wys verder daarop dat volgens 1 Tim. 3:2. v.v., dieselfde vereistes waaraan episkopoi moet voldoen, gestel word aan die presbyteroi in Titus 1:7-9."[162]) En Sillevis Smitt verklaar dat presbiteroi en episkopoi identies is op grond van: a) Handelinge 11:30. Die presbiters doen hier wat anders aan die episkopoi toegeskryf word. b). Handelinge 20:17. Paulus ontbied die presbiters en spreek in vers 28 van hulle as opsieners (episkopoi); c). Fil. 1:1. Hier groet Paulus die episkopoi en diakens - as die presbiters naas die episkope gestaan het, sou Paulus hulle ook genoem het. d). 1 Petrus 5:1 spreek van presbiters en in vers 2 word dieselfde ampsdraers episkope genoem. e). In 1 Tim. 3:1-7 word vereistes genoem waaraan episkopoi moet voldoen, terwyl geen vereiste vir presbiters gestel word nie. Dit wys op identiteit. f). Titus 1:5 beskryf die bevel aan Titus om presbiters aan te stel, en in vers 7 word die vereistes genoem waaraan hulle moet voldoen; dan word gesê: „want 'n opsiener....." (dei gár tòn episcopon...... einai). g). Die na-apostoliese literatuur bevestig hierdie identiteit, byvoorbeeld die Clemensbrief.[163])

---

161). Calvyn: Commentaries on the Epistels to Timothy, Titus and Philemon etc. p.75., by 1 Tim. 3:1; vgl. ook by vers 8. „........ the term bishop belongs alike to all presbyters." p.85. Vgl. voetnoot 1 van die vertaler op p.75 en voetnoot 1 op p.85. Vgl. verder: Calvyn Institusie: IV. IV. 2. p.73, waar hy Hieronymus aanhaal oor die brief aan Titus: „Een presbyter is hetzelfde als biskop."

162). Vgl. C. Bouma: a.w. p.132.

163). Vgl. P.A.E. Sillevis Smitt: a.w. p.p. 176, 177.

90/..........

By hierdie identiteit is daar egter tog in die Nieu-Testamentiese gebruik 'n onderskeid tussen die benaminge op te merk: „Presbyters was de naam, die vanzelf eerst ingang vond bij de Joodsch-christelijken kerken, episcopen bij de heiden-christelijke kerken, presbyter ziet meer op de ambtswaardigheid, episcoop meer op de ambtsverrichting."[164]

Uit bostaande bespreking word dan gekonkludeer dat die episkopoi en presbiteroi as leidende figure in die Nieu-Testamentiese kerk die draers van dieselfde amp aandui: „Beide begrippen zien op leiding gevenden arbeid in de gemeente van pastoraal-geestelijken aard."[165]

Die taak van die presbiters of ouderlinge is veral duidelik uit die verskillende omskrywinge wat in verband met die amp gebruik word in die Nuwe Testament, o.a. proïstamenoi;[166] Kibernēseis; [67] hēgoumenoi;[168] poimenes.[169] „Uit deze omschrijving blijkt, dat het ouderlingenambt in de eerste plaats met het opzicht, de regering en de leiding der gemeente was belast."[170]

In die naam episkopos lê dan ook opgesluit dat die ouderlinge die supervisie, die toesig het by alles wat in en deur die kerk geskied. Die ouderlinge moet

---

164). P.A.E. Sillevis Smitt: a.w. p.177. Vgl. ook A.J. Bronkhorst: a.w. p.100.

165). A.J. Bronkhorst: a.w. p.108; Vgl. Ph. J. Huijser: a.w. p.13.

166). Vgl. Rom. 12:8; 1 Thim. 5:12.

167). I Kor. 12:28.

168). Hebr. 13:7, 17, 24.

169). Ef. 4:11.

170). H. Bavinck: a.w. IV. p.371.

kontroleer of die gelowiges hulle roeping vervul. Die kerk is die tempel van God, en die gelowiges moet hulle as lewende stene op die fondament, Jesus Christus, laat bou. Elke gelowige is geroepe om na die maat en krag van sy gawes homself en ander op te bou, en die ouderlinge moet toesien dat dit wel gebeur. Die ouderlinge moet toesig hou, ag gee op die lede van die kerk[171] en waak oor die wat aan hulle sorg toevertrou is.[172] Ook moet hulle waak vir die suiwerheid van die leer[173] en dat geen ergernis aan die buitewêreld gegee word nie; elkeen moet hom behoorlik gedra in die huis van God.[174] Hulle taak is ook om op hulleself en mekaar ag te gee.[175] Die tug oor lidmate en ampsdraers is aan hulle opgedra.

In die vervulling van hulle amp moet hulle herders wees wat die kudde van God, deur die bediening van die Woord, met geestelike voedsel versorg en gevare wat die kerk van binne en buite bedreig, afweer. In die herderskap lê ook die eis van individuele sielsorg opgesluit. Dwalendes moet opgesoek, swakkes in die geloof ondersteun, krankes vertroos word, ensovoorts.[176] Veral moet die ouderlinge toesien dat die Woord suiwer verkondig word en dat niemand wat nie wettig geroepe is, hom in die diens van die Woord in die kerk indring

---

171). Vgl. Handelinge 20:28; 1 Petr. 5:2.

172). Vgl. Handelinge: 20:28.

173). Vgl. Titus 1:9.

174). Vgl. 1 Tim. 3:15.

175). Vgl. Handelinge 20:28-31; 1 Tim. 3:9. v.v.

176). Vgl. P. Biesterveld: Het Huisbezoek. Kampen. Tweede druk. 1908. p.p. 15-21 en p.p. 137 e.v.

nie.[177]

Wat aan die ouderlinge opgedra is en neerkom op die regering van die kerk, is oorspronklik deur die apostels self verrig. Hulle het egter die ouderlingamp ingestel om in elke plaaslike kerk die kerkregering waar te neem ooreenkomstig die wil van Christus, wat ook in die apostels se verordeninge vervat is. „Een ouderling, die met zijn toesichthoudende, besturende en sielzorgelijke arbeid in het voetspoor des apostelen treedt, die zich derhalwe daarbij houdt aan het „betrouwbare Woord" en de „gezonde leer," Tit. 1:9, heeft naar de Schrift, zonder enige twijfel, de apostolische successie."[178]

(b) Die predikantsamp:

In 1 Tim. 5:17 is daar sprake van ouderlinge wat goed regeer en wat arbei in „Woord" en „leer". Dit dui op 'n onderskeiding in die presbitergeledere self.[179] Bouma wys in sy verklaring van die betrokke vers daarop dat die dubbele eer wat die ouderlinge waardig is, die betekenis het van: „eer en zoo noodig levensonderhoud, honor et honorarium."[180] Die ouderling is geregtig op voorsiening van sy lewensonderhoud deur die kerk as die arbeid vir die kerk hom verhoed om in sy eie lewensonderhoud te voorsien. Dit is veral

---

177). Vgl. Handelinge 20:28. v.v.; Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens.

178). Ph. J. Huijser: a.w. p.24.

179). Vgl. A.D.R. Polman: a.w. IV. p.33. Volgens die independentistiese beskouing is daar maar net twee ampte. Die van ouderling en diaken. Alle ouderlinge moet geskik wees om te preek. Hulle aanvaar nie die onderskeiding nie. H.H. Kuyper: College-dictaat, 1935-36.

180). C. Bouma: a.w. p.190.

die geval met die wat in die „Woord" en „leer" arbei - dit wil sê dié wat die Woord voer in die midde van die gemeente, wat preek. „Hoewel de inhoud van dien logos natuurlijk wel is het Woord van God...."[181)]

Hieruit moet afgelei word dat daar reeds in die eerste gemeentes 'n onderskeiding gemaak is tussen presbiters wat uitsluitend die taak gehad het om die gemeente te regeer en ander wat ook belas is met die prediking. Dit het al hulle beskikbare tyd geverg en verhoed dat hulle in hulle eie lewensonderhoud kon voorsien en daarom is hulle op eer én op lewensonderhoud geregtig.

Hierby sluit aan wat Paulus van die reg op lewensonderhoud, wat hy en Barnabas het, sê in 1 Kor. 9:6-14. Veral in 9:14 stel hy dat die reg op 'n gebod van Christus gegrond is. „So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe." Dit is wel so dat hier nie direk van ouderlinge gespreek word, aan wie die prediking toevertrou is nie, maar alleen van diegene wat die evangelie verkondig. Maar in die lig van wat Paulus in 1 Tim. 3:2 v.v. en Titus 1:6 v.v. sê, is dit nie te betwis dat die prediking van die evangelie aan die presbiters opgedra is nie. Dan versterk dit die gedagte dat in 1 Tim. 5:17 verwys word na ouderlinge wat, anders as die ander, veral belas was met die prediking en dat die gebod waarvan Paulus melding maak in 1 Kor. 9:14 ook op hierdie ouderlinge betrekking het. Word daarby nog gevoeg die opdrag van Paulus aan Timotheüs dat

---

181). ibid. p.191.

hy, wat hy van Paulus gehoor het, moet toevertrou aan diegene wat betroubaar en bekwaam is om ander te leer,[182] moet daaruit afgelei word dat aan sekere ouderlinge veral die prediking opgedra is en dat hulle daarom dubbele eer waardig was.

Daar het 'n differensiëring in die presbitergeledere gekom, waaruit die predikantsamp gebore is. Oorspronklik was die prediking aan alle ouderlinge opgedra.[183] Die sware eis van die amptelike werk en die besondere eise verbonde aan die prediking het 'n skeiding in die presbiterkringe genoodsaak. Veral het die opleiding vir die prediking en vir die taak van die onderwysing ook met die oog op die opkomende dwaalleer, verpligtend geword. Daarby het gekom die voorsiening in lewensonderhoud. Daarom kon „de dienst des Woords niet aan alle, maar slechts aan enkele opzieners word opgedragen."[184]

Die onderskeid wat gewoonlik tussen die predikant en ouderling gemaak word as dié tussen leer- en regeerouderlinge,[185] is vir misverstand vatbaar. Dit kan die indruk wek dat die predikante, dié ouderlinge wat arbei in die „Woord" en „leer", uitgesluit is uit die kerkregering. Die ouderlinge wat arbei in „Woord" en „leer" is egter nie die regering ontneem nie.

---

182). Vgl. 2 Tim. 2:2; Titus 1:6 v.v.; 1 Tim. 3:2; Vgl. ook Calvyn: Institusie: IV. III. 8.p.p. 62/3.

183). Vgl. 1 Tim. 3:2 v.v.; Titus 1:6 v.v.; Vgl. K. Dijk: De Dienst der Prediking. p.91.

184). H. Bavinck: a.w. IV. p.372; Vgl. Ph.J. Huijser:a.w. p.p.21/2. Daar moet op gelet word dat Bavinck hier „Dienst des Woords" gebruik in die sin van prediking; verkondiging van die Woord veral in die erediens.

185). Vgl. o.a. Bavinck: a.w. IV. p.p.317 e.v.; P.A.E. Sillevis Smitt: a.w. p.p. 140 e.v.

Beide die predikante en ouderlinge is opsieners oor die kerk van Christus, in sy Naam. Beide bedien die Woord van God aan die gemeente en regeer die gemeente in die sin dat die Koningskap van Christus in die gemeente 'n werklikheid word, deur die arbeid van sy organe.

Die verskil tussen die predikant en ouderling kan herlei word tot 'n aksentuering in die uitvoering van die opsienersamp. By die predikant lê die nadruk in sy ampswerk op die prediking. Hy moet die Gekruisigde Christus verkondig; die bediening van die versoening is aan Hom toevertrou in die prediking. Hy moet aan die lig bring die totale vernuwing wat deur Christus bewerk is en die eise wat Christus vir sy kerk en elke gelowige stel. In die Woordbediening in die openbare prediking sowel as in die huise, word die verlossingswerk van Christus ontvou in die betekenis daarvan vir die gedrag van die kerk as liggaam van Christus en dié van elke gelowige, ook in hulle verhoudinge teenoor mekaar. Die liefdesgebod van Christus word met ander woorde geproklameer as die lewenswet vir die kerk. Dit word ook nader toegepas, sodat die gelowiges hulle nie alleen as burgers van die Koninkryk van die hemele kan gedra nie, maar ook weet hoe om hulle in die huis van God te gedra om 'n pilaar en grondslag van die waarheid te bly, deur die kerk in te rig na die beginsels daarvoor neergelê deur Christus en die apostels. Die regeringstaak van die predikante word dus toegespits veral op die vorming van die reg in die kerk. Dit sluit die toesig, die regering in die sin van toe te sien dat die reg gehandhaaf word, egter nie uit nie.

96/........

Saam met die ouderlinge is die predikante ook opsieners. Maar by die ampsvervulling van die predikant val die nadruk op die Woordbediening as 'n ontvouing van die Woord van die Koning van die kerk, met die vermaning en aandrang daarby tot gehoorsame onderwerping aan die Woord.

Die ouderlinge se taak is ook om die Woord te bedien. In die uitoefening van hulle amp lê die nadruk egter op die toesig; hulle moet veral toesien dat na die wil van Christus gehandel word. Voorgelig deur die predikante help hulle mee aan die regsvorming,[186)] maar in die regering van die kerk is dit veral hulle taak om toe te sien dat die kerk en elke gelowige hulle gedrag skik na die gevormde reg; hulle moet die reg deur Christus neergelê in die regsvorming handhaaf. Met ander woorde, hulle moet toesien dat die kerk na die Woord van God leef.

Die onderskeiding van „leer-" en „regeer-" ouderlinge kan dan wel gehandhaaf word by gebrek aan 'n woord wat én die onderskeiding en die eenheid tussen die twee groepe ouderlinge volledig aandui.

Die predikantsamp het ontstaan uit die ouderlingsamp ter wille van die betere vervulling van die taak wat oorspronklik by alle ouderlinge berus het. Die twee ampte moet dus wel <u>onderskei</u>, maar nie <u>geskei</u> word nie. Hoewel daar ooreenkomstig die wil van Christus, soos geopenbaar deur die apostels, 'n differensiëring in die ouderlingamp gekom het, wat neerkom op

---

186). Vgl. Formulier om die Bedienaars van die Woord te bevestig en die Formulier vir die bevestiging van Ouderlinge en Diakens.

die bykomende instelling van die predikantsamp, moet dit altyd in gedagte gehou word dat ons met „twee soorte ouderlinge" te doen het.[187)]

(c) Die Diakenamp:

Behalwe die voorgenoemde ampte het die apostels ook nog die diakenamp ingestel. Die amp het geen voorbeeld in die inrigting van die sinagoge gehad nie; dit was iets heeltemal nuuts.[188)] Daarom word die instelling van die amp noukeurig in Handelinge 6 verhaal,[189)] hoewel in die Nuwe Testament van die diakens as ampsdraers net twee keer gespreek word, naamlik in Fil. 1:1 en 1 Tim. 3.

Die opdrag aan die sewe ampsdraers in Handelinge 6 is „om die tafels te bedien." Deur die apostels word 'n skerp onderskeid tussen die diens van die Woord en hierdie nuwe diens gemaak. „Al staat de nieuwe taak in het nouwste verband met de Woordbediening, ze is er toch ook weer scherp van onderscheiden."[190)]

---

187). Vgl. Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge en Diakens.

188). Vgl. N.J. Hommes: De Vrouw in de Kerk. T.Wever. Franeker. 1951. p.p. 142/3.

189). Hoewel daar verskil is oor die vraag of Handelinge 6 die instelling van die diakenamp verhaal en sommige, soos Sohm, wat dit as siende op die instelling van die plaaslike leeramp (vgl. a.w. p.73, voetnoot 19) laat slaan en Brouwer, op die aanstelling van die „oudstes" (vgl. a.w. p.38), is daar tog eenstemmigheid oor die feit dat die amp waarvan sprake is, as opdrag het die behartiging van die barmhartigheidsdiens en daarmee is toegegee dat dit hier gaan oor die instelling van 'n andersoortige amp as dié van ouderlinge. K. Dijk neem ook 'n ander standpunt in. Hand. 6 sou 'n buitengewone amp aandui wat later verdwyn het. Al amp wat die apostels ingestel het, was die ouderlingamp. Daaruit het al die ander ontwikkel. Vgl. De Dienst der Kerk. p.243.

190). F.H. von Meyenfeldt: De Diaken als Componist der gemeenschap. 'S Gravenhage. 1955. p.38.

98/.....

Die nuwe taak was die bediening van die tafels en die daaglikse versorging van die weduwees, om die liefdesgawes uit te reik.[191] Wat hier aan die sewe opgedra word, word dan later in die Nuwe Testament meer bepaald met die naam diakonia aangedui. Hoewel diakonia 'n meer algemene betekenis het, en ook gebruik word vir elke amp en gawe wat die Here geskenk het om daarmee die gemeente te dien, word die woord hier in engere sin gebruik om die amp van insameling en uitdeling van die liefdegawes aan die behoeftiges, aan te dui.[192]

Uit Handelinge 6 blyk duidelik dat die aanleidende oorsaak vir die instelling van die diakenamp geleë was in die fisieke onvermoë van die apostels om al die dele van hulle amp behoorlik na te kom. Die behartiging van die barmhartigheidsdiens het inbreuk gemaak op die bediening van die Woord, die prediking. Die diakenamp spruit dan ook uit die apostelamp voort. Daaruit lei Hort af dat dit 'n ondergeskikte amp is. „It was for a strictly subordinate and external function, though men of wisdom and a holy spirit were needed for it."[193] Dieselfde gedagte, hoewel nie direk so gestel

---

191). Vgl. H. Bouwman: Het ambt der Diakenen. Kok Kampen. 1907. p.11; F.H. von Meyenfeldt: a.w. p.p. 39 e.v. Hy wys daarop dat die tafeldiens ingehou het die uitdeling van die gawes wat die rykes gebring het, maar hy noem dit nie barmhartigheidsdiens nie - barmhartigheidsdiens is nie die taak van die spesiale amp nie, maar 'n algemene deug. a.w. p.22 e.v. - die taak van die sewe diakens was om die gemeenskapslewe moontlik te maak; om al die lede aan die tafel te kry en so tot deelgenote van die nuwe gemeenskap te maak. Vgl. a.w. p.40.

192). Vgl. Handelinge 11:29; Rom. 12:8; 1 Kor. 12:5; 2 Kor. 8:4; 9:1, 12 en 13.

193). F.J.A. Hort: a.w. p.231.

nie, skemer ook by N.J. Hommes deur waar hy die noue samehang van die diakonaat met die episkopaat in verband bring met die owerste en dienaar van die sinagoge. Die diaken en opsiener vorm ook 'n twee-eenheid, soos die dienaar en owerste van die sinagoge. „De diaken hoort bij de opziener. Hy is niet alleen een dienaar der gemeente, maar ook van de opziener."[194]

Hierdie afleiding is egter nie te regverdig nie, omdat dit hier gaan om 'n volledige selfstandige amp wat 'n opdrag van Christus inhou.[195] Die sewe is nie bloot helpers van die apostels nie, maar selfstandige ampsdraers, wat die deel van die werk van die apostels oorneem wat aan hulle toegewys is. As hulle blote helpers van die apostels was ten opsigte van uitwendige sake, kan met reg verwag word dat van hulle amp nie op 'n ander wyse melding gemaak sou gewees het, as van die jongmanne in Handelinge 5:6 en 10 nie.

Die selfstandigheid van die diakenamp kom verder daarin uit dat Paulus aan Timotheüs 'n noukeurige beskrywing gee van die vereistes waaraan die

---

194). N.J. Hommes: a.w. p.141. (Kursivering van my).

195). Vgl. H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht I. p.p. 82 e.v.; J.H. Coetzee: Die Barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pro Rege. Potchefstroom 1953. p.p. 92 en 93.
Vgl. ook p.p. 36 e.v.

diakens moet voldoen.[196)]

Aangesien dit nie vir die doel van die studie nodig is om hier verder op die probleme rondom die diakenamp in te gaan nie, en die kwessie in verband met die plek van die diaken in die kerkraad eers in 'n volgende hoofstuk ter sprake kom, word volstaan met die aanduiding dat die diakenamp 'n selfstandige amp is wat net soos die ouderlingamp uit die apostelamp voortkom.

Saamvattend gestel kom die Nieu Testamentiese gegewens oor die amp daarop neer dat onder 'n verskeidenheid van name en titels met die oog op die dienste in die kerk, dit basies herlei kan word tot drie ampte, naamlik die predikantsamp, die ouderlingamp en die diakenamp. Die drie ampte is wel te onderskei, maar nie te skei nie. Al drie is gewortel in Christus en kragtens sy volmag ingestel deur die apostels, as Sy organe in die plaaslike kerk.

In die volgende hoofstukke moet nou nagegaan word wat die verhouding is van die ampte in die vervulling van hulle taak, en op watter wyse Christus sy kerk deur die ampsdraers regeer.

---

196). Vgl. 1 Tim. 3:8 v.v. I.v.m. hierdie vereistes verklaar Calvyn in sy kommentaar op vers 11, dat die vroue van wie sprake is, die vroue van die diakens is. Bouma sê weer in sy a.w. by vers 11 dat die vroue op die helpsters van die diakens sien. W. Brandt. a.w. p.177 en Hort a.w. p.198, meen egter dat die vroue diakonesse, ampsdraagsters, was. Hierby sluit N.J. Hommes aan en wil op grond van Rom. 16:1, soos ook deur Origenes verklaar, aanneem dat van vroulike diakens in die N.T. sprake is. Vgl. a.w. p.p. 149. e.v. Dit is egter nie duidelik of hy die vroulike diaken as ampsdraagster in die volle sin van die woord sien nie. „Onze eindconclusie kan dan ook moeilijk anders zijn dan dat het N.T. de vrouwlijke diaken moet hebben gekend als een soort sociale of semisociale kerkelijke functie". a.w. p.152. Met hierdie bewoording kom hy eintlik ook nie verder as die helpsters waarvan Bouma spreek nie, of die sieke en armeversorgsters wat Calvyn as tweede soort diaken onderskei nie. Vgl. Institusie: IV. III. 9. p.64.